



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENINGKUNDE

2016

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye en 'n antwoordeboek van 20 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon AL die berekeninge tot EEN desimale punt.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
BTW en Rekonsiliasies	Finansiële rekeningkunde BTW-berekeninge Rekonsilieer 'n Krediteuregrootboekrekening met 'n rekeningstaat Bestuur van hulpbronne Interne beheer en interne oudit

VRAAG 2: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Vervaardiging	Bestuursrekeningkunde Produksiekostestaat Ontleed en vertolk gelykbreekpunt Bestuur van hulpbronne Interne beheer en interne oudit

VRAAG 3: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Voorraadwaardasie, Interne Beheer en Probleemoplossing	Bestuur van hulpbronne Voorraadwaardasie: EIEU en geweegdegemiddelde-metode Interne beheer en interne oudit

VRAAG 4: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Begrippe, Balansstaat en Ouditverslag	Finansiële rekeningkunde Begrippe Opstel van Balansstaat Notas tot gewone aandeelkapitaal en behoue inkomste

VRAAG 5: 70 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Vaste Bates, Kontantvloeietaat en Ontleding en Vertolking van Finansiële State	Finansiële rekeningkunde Kontantvloeietaat Ontleed en vertolk finansiële inligting Bestuur van hulpbronne Bestuur van vaste bates

VRAAG 6: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Begroting	Bestuursrekeningkunde Ontleed en vertolk 'n Geprojekteerde Inkomstestaat Bestuur van hulpbronne Interne beheer

VRAAG 1: BTW EN REKONSILIASIES**(35 punte, 20 minute)****BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE**

- 1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.1.1 BTW wat deur 'n besigheid betaal word op goedere aangekoop, word BTW-inset genoem.
- 1.1.2 Dit is verpligtend vir alle besighede om vir BTW te registreer.
- 1.1.3 BTW-opgawes aan SAID word ná elke ses maande se handelsbedrywighede ingedien. (3 x 1) (3)
- 1.2 Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Super Winkels vir die BTW-periode geëindig 29 Februarie 2016 (twee maande). Die standaardkoers vir BTW is 14%.

GEVRA:

- 1.2.1 Neem die foute en weglatings in berekening en bereken die BTW-bedrag wat óf betaalbaar is aan óf ontvangbaar is van SAID. (12)
- 1.2.2 Die interne ouditeur het ontdek dat die eienaar, Nelson, die BTW wat van klante ingevorder is, gebruik het om salarisse en bonusse te betaal en daarom kon hy nie die BTW-sperdatum haal nie.
- Watter opmerking sal jy aan Nelson oor hierdie gebruik maak? Noem EEN punt. (2)

INLIGTING:

A. Bedrag verskuldig aan SAID op 1 Februarie 2016, R44 800.

B. **Bedrae uit die joernale op 29 Februarie 2016:**

	BTW INGESLUIT	BTW-BEDRAG
Verkope	564 300	69 300
Krediet aankope van voorraad	191 520	23 520
Goedere deur debiteure teruggestuur	52 440	6 440
Oninbare skulde afgeskryf	39 900	4 900

C. Die volgende foute en weglatings is opgemerk:

- Voorraad deur die eienaar geneem, kosprys R6 000 (BTW uitgesluit), is nie geboekstaaf nie.
- BTW op verkope is foutiewelik geboekstaaf. Sekere goedere met 'n verkoopprijs van R50 000 (BTW uitgesluit) moes as nulkoers-items geboekstaaf gewees het.
- BTW op kortings toegestaan aan debiteure is nie geboekstaaf nie. Die totale kortings toegestaan, beloop R19 152.

**LAAT HIERDIE BLADSY
BLANKO**

1.3 KREDITEURE-REKONSILIASIE

Thanda Winkels koop goedere op krediet van Minty Verskaffers.

GEVRA:

1.3.1 Gebruik die tabel wat voorsien is om die veranderinge wat gedoen moet word, aan te dui:

- In die Krediteuregrootboekrekening in die boeke van Thanda Winkels
- In die Krediteure-rekonsiliasiestaat op 29 Februarie 2016

(14)

1.3.2 'n Ondersoek op 2 Februarie 2016 oor die transaksie vir Faktuur 560 het onthul dat Pearl Fakude (aankoopbestuurder) goedere vir haarself bestel het. Hierdie goedere is nie in die voorraad opgeneem nie.

Noem TWEE interne beheermaatreëls wat die besigheid kan gebruik om te voorkom dat soortgelyke voorvalle in die toekoms plaasvind.

(4)

INLIGTING:**A. Krediteuregrootboek van Thanda Winkels
Minty Verskaffers**

DATUM	BESONDERHEDE	FOL.	DEBIET	KREDIET	SALDO
Feb. 01	Saldo	a/b			52 200
02	Faktuur 560	KJ		44 200	96 400
04	Debietnota 52	KAJ	2 700		93 700
07	Tjek 443	KBJ	31 350		62 350
	Korting ontvang	KBJ	3 300		59 050
20	Faktuur 996	KJ		11 100	70 150
23	Tjek 575	KBJ	13 200		56 950
24	Faktuur 590	KJ		24 000	80 950
28	Tjek 580	KBJ	13 800		67 150
	Korting ontvang	KBJ	1 380		65 770
29	Faktuur 592	KJ		44 400	110 170

B. Rekeningstaat ontvang van Minty Verskaffers

MINTY VERSKAFFERS					Nr. 2169
Kingsview-weg 205					
Durban 3201					
Debiteur: Thanda Winkels				25 Februarie 2016	
DATUM	BESONDERHEDE	DEBIET	KREDIET	SALDO	
Jan. 25	Saldo			67 200	
28	Kwitansie 110		15 000	52 200	
Feb. 02	Faktuur 560	49 200		101 400	
04	Kredietnota 09	2 700		104 100	
07	Kwitansie 122		31 350	72 750	
	Korting toegestaan		1 650	71 100	
18	Faktuur 571	28 800		99 900	
23	Kwitansie 138		13 200	86 700	
24	Faktuur 590	21 600		108 300	
25	Afleweringkoste	3 300		111 600	

- C.** 'n Ondersoek het die volgende foute en weglatings getoon:
- (a) Faktuur 996 was vir goedere wat Thanda Winkels by 'n ander verskaffer, Mondi Verskaffers, aangekoop het.
 - (b) Faktuur 560 is korrek op die rekeningstaat geboekstaaf.
 - (c) Faktuur 571 was 'n fout op die rekeningstaat. Dit was vir goedere wat aan 'n ander besigheid verskaf is.
 - (d) Die korting toegestaan op 7 Februarie 2016 is korrek volgens die rekeningstaat.
 - (e) Thanda Winkels het nagelaat om die handelskorting toegelaat op Faktuur 590 af te trek.
 - (f) Goedere vir R2 700 is op 4 Februarie 2016 deur Thanda Winkels aan Minty Verskaffers teruggestuur.
 - (g) Volgens die kontrak hef Minty Verskaffers 'n afleweringsooi op al sy klante.
 - (h) Die rekeningstaat sluit slegs transaksies tot en met 25 Februarie 2016 in.

VRAAG 2: VERVAARDIGING**(50 punte; 30 minute)****2.1 ABE BYKOMSTIGHEDE**

Abe Bykomstighede vervaardig selfoonomhulsels. Die inligting hieronder is met betrekking tot die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2016.

GEVRA:

2.1.1 Stel die Fabrieksboekoste-nota op. Toon ALLE berekeninge tussen hakies. (15)

2.1.2 Stel die Produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. (8)

INLIGTING:

A. Voorraadsaldo's:	29 FEBRUARIE 2016	1 MAART 2015
Goedere-in-bewerking-voorraad	R9 320	R30 640

B. Transaksies vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016:

Verbruiksgoedere in die fabriek gebruik	R129 300
Salarisse en lone:	
Produksielone	?
Ander fabriekswerkers	R97 500
Administrasie	R250 000
Verkoopsafdeling	R130 000
Diverse uitgawes:	
Fabriek	R31 500
Kantore	R28 000
Water en elektrisiteit	R50 000
Versekering	R24 000

C. Addisionele inligting en aansuiwerings

- Die fabriekskoonmaker is uit die lys vir salarisse en lone vir Februarie 2016 weggelaat. Haar besonderhede is soos volg:

Bruto salaris	Aftrekkings	Netto salaris	Werkgewersbydrae
R3 800	R420	R3 380	R380

Die werkgewersbydrae word by die salarisse en lone gevoeg.

- 'n Bedrag van R4 000 vir water en elektrisiteit vir Februarie 2016 is steeds uitstaande. Die fabriek gebruik 60% van die water en elektrisiteit.
- Versekering is vanaf 1 Maart 2015 tot 30 Junie 2016 betaal. Hierdie uitgawe moet onderskeidelik aan die fabrieks-, administrasie- en verkoopsafdelings in die verhouding 3 : 2 : 1 toegedeel word.

D. Die onderneming het 10 500 selfoonomhulsels teen 'n koste van R82,40 per eenheid vervaardig.

2.2 NUWE MODE VERVAARDIGERS

Die eienaar van hierdie onderneming is Gloria Smit. Sy maak en verkoop rokke. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2016.

GEVRA:

- 2.2.1
- Gloria is bekommerd oor die vermorsing van direkte materiaal. Bereken die getal meter materiaal wat vermors is. (5)
 - Gloria voel dat die vermorsing beduidend is. Verskaf 'n berekening om haar mening te ondersteun. (3)
- 2.2.2 Gee TWEE moontlike redes vir dié vermorsing en gee in ELKE geval raad om te voorkom dat dit in die toekoms gebeur. (4)
- 2.2.3 Gelykbreekpunt en produksie:
- Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. (4)
 - Verduidelik waarom die onderneming tevrede behoort te wees met die getal eenhede wat gedurende die huidige finansiële jaar gemaak is. Noem TWEE punte. (4)
- 2.2.4 Die direkte materiaal wat gebruik word om die rokke te maak, word plaaslik teen 'n koste van R150 per meter aangekoop. Gloria oorweeg dit om die materiaal in te voer aangesien dit R120 per meter (alle koste ingesluit) sal kos. Indien sy sou besluit om die materiaal in te voer:
- Watter uitwerking sal dit op die produksiekoste van 'n rok hê? Verskaf 'n berekening om jou antwoord te ondersteun. (3)
 - Noem TWEE ander gevolge van die invoer van die direkte materiaal. (4)

INLIGTING:

A. Direkte materiaal:

2,5 meter materiaal word vir elke rok gebruik.

	Getal meter materiaal
Beginvoorraad	525
Aankope	12 450
Grondstowwe aan fabriek uitgereik	?
Eindvoorraad	1 475

B. Produksievlakke:

	2016	2015
Totale getal eenhede vervaardig en verkoop	4 500	3 800
Gelykbreekpunt	?	3 200

C. Addisionele inligting:

	Totaal	Per eenheid
Verkope	R2 925 000	R650
Vaste koste	R900 000	R200
Veranderlike koste	R1 575 000	R350

VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE, INTERNE BEHEER EN PROBLEEMOPLOSSING**(40 punte; 25 minute)****3.1 BEGRIPPE**

Kies EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

deurlopende voorraadstelsel; geweegegemiddelde-metode;
spesifieke identifikasie-metode; periodieke voorraadstelsel;
eerste in eerste uit (EIEU)

- 3.1.1 Hierdie metode aanvaar dat voorraad in die volgorde van aankoopdatum verkoop word. (4)
- 3.1.2 Hierdie stelsel verseker dat die koste van verkope by die verkooppunt bereken word. (4)
- 3.1.3 Hierdie metode van voorraadwaardasie ken 'n unieke of individuele waarde aan elke voorraaditem toe. (4)
- 3.1.4 Hierdie voorraadstelsel is meer gepas vir lae-waarde-goedere wat by die groot maat aangekoop word. (4 x 1) (4)

3.2 LYNN WINKELS

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Lynn Winkels. Die onderneming verkoop een soort leerskoene. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2016. Die onderneming gebruik die geweegegemiddelde-metode vir voorraadwaardasie en die periodieke voorraadstelsel.

GEVRA:

- 3.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 29 Februarie 2016 deur die geweegegemiddelde-metode te gebruik. (8)
- 3.2.2 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016:
- Koste van verkope (6)
 - Bruto wins (6)
- 3.2.3 Bereken die gemiddelde voorraadhoudingstydperk (in dae) op 29 Februarie 2016. (5)
- 3.2.4 Bereken die waarde van die eindvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik. (7)

INLIGTING:**A. Voorraad:**

Datum	Pare skoene	Totale waarde (vraggeld ingesluit)
1 Maart 2015	520	R320 770
29 Februarie 2016	325	?

B. Aankope:

Datum	Pare skoene	Kosprys per paar	Totale aankope	Vraggeld per paar	Totale koste (vraggeld ingesluit)
31/05/2015	460	R650	R299 000	R18	R307 280
01/08/2015	700	R680	R476 000	R18	R488 600
15/10/2015	500	R710	R355 000	R30	R370 000
01/02/2016	300	R725	R217 500	R30	R226 500
TOTAAL	1 960		R1 347 500		R1 392 380

C. Terugsendings:

Dertig paar skoene wat op 1 Februarie 2016 aangekoop is, was nie van 'n hoë gehalte nie. Dit is aan die verskaffer teruggestuur. Die onderneming se rekening is met R22 650 (vraggeld op aankope ingesluit) gekrediteer.

D. Verkope:

2 115 paar leerskoene is gedurende die finansiële jaar verkoop. Die verkoopprijs het konstant gebly teen R1 400 per paar.

3.3 PROBLEEMOPLOSSING

Jy word voorsien van inligting van drie jeans-winkels met verskillende eienaars in Johannesburg. Elke winkel het 'n vloerspasie van 100 m².

GEVRA:

3.3.1 Identifiseer EEN probleem in Winkel 1 en EEN probleem in Winkel 2. Haal syfers aan. Gee EEN punt van advies vir ELKE geval. (6)

3.3.2 Verduidelik TWEE goeie besluite wat Chad met betrekking tot Winkel 3 geneem het. Haal syfers aan. (4)

Inligting per winkel vir Desember 2015:

	WINKEL 1	WINKEL 2	WINKEL 3
Bestuurders	Andy	Bob	Chad
Verkope	R350 000	R240 000	R950 000
Terugsendings van klante	R7 000	R36 000	R19 000
Winsopslagpersentasie	90%	50%	60%
Voorraadhoudingstydperk	180 dae	30 dae	30 dae
Advertensies	R14 000	R4 800	R47 500
Huuruitgawe	R35 000	R24 000	R96 000
Dae per week gewerk	6	5	7
Winkelassistente	4	2	6

**LAAT HIERDIE BLADSY
BLANKO**

VRAAG 4: BEGRIPPE, BALANSSTAAT EN OUDITVERSLAG**(65 punte; 40 minute)****4.1 BEGRIPPE**

Kies 'n verduideliking uit KOLOM B om by 'n begrip in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
4.1.1 Aandeelhouer	A moniteer beheermaatreëls om wanbestuur en bedrog te voorkom
4.1.2 Direkteur	B eienaars van die maatskappy
4.1.3 Interne ouditeur	C spreek 'n mening oor die finansiële state van 'n maatskappy uit
4.1.4 Eksterne ouditeur	D deur die aandeelhouders aangestel om die maatskappy te bestuur

(4 x 1)

(4)

4.2 PARADYS BEPERK

Die inligting hieronder het op Paradys Bpk. betrekking. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2016.

GEVRA:

4.2.1 Stel die volgende notas op vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016:

- Gewone aandelekapitaal (6)
- Behoue inkomste (10)

4.2.2 Stel die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 29 Februarie 2016 op. Toon ALLE bewerkings. (35)

INLIGTING:**A. Lys van saldo's geneem uit die rekeningkundige rekords van Paradys Bpk. op 29 Februarie 2016, die einde van die finansiële jaar, tensy anders vermeld.**

	R
Gewone aandelekapitaal (Sien Inligting B.)	?
Behoue inkomste (1 Maart 2015)	1 634 000
Lening van direkteur: J Jonas (Sien Inligting E.)	1 155 000
Vaste bates teen drawaarde (1 Maart 2015)	12 278 400
Vaste deposito: Sandton Bank	?
Handelsvoorraad (balanseersyfer)	?
Krediteurekontrole	478 000
Debiteurekontrole	356 000
Voorsiening vir oninbare skuld (1 Maart 2015)	16 000
Bank (gunstig)	?
Opgelope uitgawes (uitgawes betaalbaar)	12 000
Vooruitbetaalde uitgawes	6 800
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	1 012 000

B. Aandelekapitaal:

- Paradys Bpk. is gemagtig om 5 000 000 gewone aandele te verkoop.
- 3 000 000 aandele is reeds uitgereik op 1 Maart 2015, die begin van die finansiële jaar, R6 000 000.
- 1 000 000 nuwe aandele is op 1 Desember 2015 teen 'n markverwante waarde van R5,00 per aandeel uitgereik.
- 200 000 aandele is op 20 Februarie 2016 teruggekoop by 'n aandeelhouer wat na 'n ander land sou verhuis. 'n Betaling van R770 000 is op 20 Februarie 2016 gedoen.

C. Dividende:

- Die direkteure het op 28 Augustus 2015 'n tussentydse dividend van R840 000 betaal.
- 'n Finale dividend van 44 sent per aandeel is op 29 Februarie 2016 verklaar. Alle aandele (die aandele wat op 20 Februarie 2016 teruggekoop is, ingesluit) kwalifiseer vir finale dividende. Hierdie dividende sal op 31 Maart 2016 betaal word.

D. Netto wins voor belasting:

- Nadat alle relevante inligting in berekening gebring is, is die netto wins voor belasting akkuraat op R3 800 000 bereken.
- Inkomstebelasting teen die koers van 28% moet nog in berekening gebring word.

E. Lening van Direkteur J Jonas:

- Die lening is oorspronklik op 1 Desember 2013 ontvang.
- Hierdie lening is met ingang van 31 Desember 2013 oor 5 jaar in gelyke paaiemente terugbetaalbaar. Alle betalings is gedoen.
- Rente is nie gekapitaliseer nie en is ten volle betaal.

F. Voorsiening vir oninbare skulde:

Die voorsiening vir oninbare skulde moet teen 5% van die uitstaande debiteure gehandhaaf word.

G. Vaste bates en waardevermindering:

- Geen vaste bates is gedurende die finansiële jaar gekoop of verkoop nie.
- Waardevermindering vir die finansiële jaar geëindig op 29 Februarie 2016 was R890 000.

H. Die volgende finansiële aanwysers is bereken nadat alle aansuiwerings in berekening gebring is:

Bedryfskapitaalverhouding	1,3 : 1
Vuurproefverhouding	0,8 : 1

4.3 OUDITVERSLAG

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die onafhanklike ouditeur se verslag van Topstar Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2015.

GEVRA:

- 4.3.1 Watter soort auditverslag het Topstar Bpk. ontvang? Kies uit die volgende: ongekwalifiseerd, gekwalifiseerd, weerhouding van mening. Gee 'n rede vir jou keuse. (3)
- 4.3.2 Aan wie word 'n auditverslag gerig? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)
- 4.3.3 Verduidelik waarom die ouditeur die volgende in die auditverslag genoem het:
- IFVS ('IFRS') (2)
 - Maatskappywet (Wet 61 van 1973) (2)

INLIGTING:**Uittreksel uit die auditverslag:**

Na ons mening toon die finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van die maatskappy op 31 Oktober 2015, asook die finansiële resultate van hul bedrywighede en die kontantvloei vir die jaar toe geëindig. Dit is volgens die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS/'IFVS') en die wyse vereis deur die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) in Suid-Afrika.

**VRAAG 5: VASTE BATES, KONTANTVLOEISTAAT, ONTLEDING EN
VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE (70 punte; 40 minute)****5.1 BEGRIPPE**

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 5.1.1 Die verbandkening om die aankoop van 'n vaste bate te finansier, is 'n (finansiële bate/niebedryfslas). (4)
- 5.1.2 Verdeelbare reserwes, soos behoue inkomste, is deel van (aandeelhoudersbelang/niebedryfsbates).
- 5.1.3 Die bedrag verskuldig deur SAID met betrekking tot inkomstebelasting is 'n (bedryfsbate/bedryfslas).
- 5.1.4 'n Belegging, soos 'n vaste deposito teen 9% p.j. rente oor vyf jaar, sal as 'n (bedryfsbate/finansiële bate) getoon word. (4 x 1) (4)

5.2 MAFUSA BPK.

Die inligting wat voorsien word, het betrekking op die finansiële jaar geëindig 30 April 2016.

LET WEL: Wanneer finansiële aanwysers gevra word om antwoorde te ondersteun, moet jy die naam van die finansiële aanwyser en die werklike syfer, verhouding of persentasie gee.

GEVRA:

- 5.2.1 **Verwys na Inligting C.**
Bereken die ontbrekende bedrae wat deur **(a)** tot **(d)** vir toerusting in die Vastebatenota voorgestel word. Toon alle bewerkings. (16)
- 5.2.2 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat. Toon ALLE bewerkings.
- Inkomstebelasting betaal (5)
 - Netto veranderinge in kontant en kontantekwivalente (4)
- 5.2.3 Voltooi die afdeling oor FINANSIERINGSAKTIWITEITE in die Kontantvloeistaat. (7)
- 5.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 30 April 2016:
- Opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (5)
 - Netto batewaarde (3)
- 5.2.5 Lewer kommentaar op die algehele likiditeitsposisie van die maatskappy. Haal DRIE relevante finansiële aanwysers (met syfers) aan. (8)

- 5.2.6 Die direkteure het besluit om die dividend-uitbetalingsbeleid in 2016 te verander.
- Verskaf berekeninge wat die beleidsverandering aandui. (4)
 - Verduidelik die uitwerking van hierdie beleidsverandering op die maatskappy. Noem TWEE punte. (4)
- 5.2.7 Een van die direkteure voel dat die maatskappy so gou as moontlik die lening moet terugbetaal. Wat is jou siening hieroor? Haal TWEE relevante finansiële aanwysers met syfers aan en verduidelik dit. (6)
- 5.2.8 Verduidelik waarom die aandeelhouers tevrede is met:
- Die markprys van die aandele op die JSE (2)
 - Die prys waarteen die 75 000 aandele op 25 April 2016 terugkoop is (2)

Haal in ELKE geval syfers/finansiële aanwysers aan.

INLIGTING:

A. Inligting geneem uit die Inkomstestaat op 30 April 2016:

	R
Bedryfswins	1 590 000
Rente-uitgawe	300 000
Netto wins voor inkomstebelasting	1 279 000
Netto wins na inkomstebelasting	895 300

B. Inligting geneem uit die Balansstaat op 30 April 2016:

	2016 (R)	2015 (R)
Vaste deposito	200 000	520 000
Bedryfsbates (kontant en kontantekwivalente ingesluit)	946 550	887 250
Kontant en kontantekwivalente	125 750	54 750
Aandeelhouersbelang	7 166 850	6 142 800
Gewone aandelekapitaal	6 660 000	5 600 000
Behoue inkomste	506 850	542 800
Niebedryfslaste	1 800 000	2 750 000
Bedryfslaste	526 750	509 500
Handels- en ander betaalbare bedrae	285 600	232 800
Oortrokke bankrekening	0	92 000
Aandeelhouers vir dividende	231 250	176 000
SAID: Inkomstebelasting	9 900	8 700

C. Vaste bates:

Vaste bates bestaan uit grond en geboue en toerusting.

Uittreksel uit die Vastebatennota:

	TOERUSTING
Kosprys (1 Mei 2015)	3 640 000
Opgehoopte waardevermindering (1 Mei 2015)	(a)
Drawaarde (1 Mei 2015)	2 002 000
Bewegings:	
Toevoegings	900 000
Verkope	(b)
Waardevermindering	(c)
Drawaarde (30 April 2016)	
Kosprys (30 April 2016)	(d)
Opgehoopte waardevermindering (30 April 2016)	

- Waardevermindering op toerusting beloop 15% p.j. op die kosprys.
- Ou toerusting met 'n kosprys van R750 000 is op 31 Augustus 2015 vir kontant teen drawaarde verkoop. Die opgehoopte waardevermindering op hierdie toerusting het R491 750 op 1 Mei 2015 beloop.
- Nuwe toerusting ter waarde van R900 000 is op 1 Desember 2015 aangekoop.
- Daar was geen verdere beweging nie.

D. Aandelekapitaal en dividende:

Die onderneming is met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 200 000 gewone aandele geregistreer.

1 Mei 2015	Die uitgereikte aandelekapitaal het uit 800 000 gewone aandele bestaan.
1 Februarie 2016	200 000 gewone aandele is teen R8,00 per aandeel uitgereik.
25 April 2016	75 000 gewone aandele is by 'n afgetrede aandeelhouer teen 'n totale koste van R600 000 teruggekoop.
30 April 2016	Daar is 925 000 aandele uitgereik.

Totale dividende vir die finansiële jaar het R871 250 beloop.

E. Die volgende finansiële aanwysers is op 30 April bereken:

	2016	2015
Bedryfskapitaalverhouding	1,8 : 1	1,7 : 1
Vuurproefverhouding	0,9 : 1	1,3 : 1
Voorraadhoudingstydperk	52 dae	68 dae
Debiteure-invorderingstydperk	47 dae	30 dae
Krediteurebetalingstydperk	30 dae	30 dae
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,3 : 1	0,4 : 1
Opbrengs op kapitaal aangewend	11%	13%
Opbrengs op aandeelhoudersbelang	?	14,5%
Verdienste per aandeel	107 sent	112 sent
Dividende per aandeel	105 sent	40 sent
Netto batewaarde per aandeel	?	768 sent
Markprys per aandeel (JSE)	960 sent	777 sent
Terugkoopprys per aandeel	800 sent	-
Rentekoers van lening	14%	13%

VRAAG 6: BEGROTING**(40 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van 'n gedeeltelik voltooide Geprojekteerde Inkomstestaats van Senoge Winkels soos deur die boekhouer opgestel vir die tydperk 1 Mei 2016 tot 30 Junie 2016. Die eienaar van die onderneming is Susan Senoge.

GEVRA:

- 6.1 Bereken die ontbrekende bedrae wat deur **(a)** tot **(d)** in die Geprojekteerde Inkomstestaats voorgestel word. (12)
- 6.2 Neem die addisionele inligting in ag en bereken die volgende:
- 6.2.1 Die maandelikse salaris verskuldig aan die verkoopsbestuurder in Junie 2016 (4)
- 6.2.2 Die totale verwagte kredietverkope in Julie 2016 (4)
- 6.2.3 Die kosprys van die nuwe voertuig wat op 1 Mei 2016 aangekoop is (4)
- 6.3 Lewer kommentaar op die beheer oor die telefoon en water en elektrisiteit. Watter raad sal jy aan Susan gee? Noem EEN punt. (4)
- 6.4 Susan wil die onderhoudsbegroting na R500 per maand verminder en dan die besparing aanwend vir personeelopleiding. Wat moet sy oorweeg voordat sy hierdie verandering aanbring? Noem TWEE punte. (4)
- 6.5 'n Nuwe mededinger het in Mei 2016 sake vanaf 'n nabygeleë perseel begin doen. Verwys na die werklike syfers vir Mei 2016 en:
- Verduidelik hoe Susan op hierdie bedreiging gereageer het. Noem DRIE punte. Verskaf syfers/berekeninge om jou antwoord te ondersteun. (6)
 - Verduidelik of Susan se reaksie suksesvol was of nie. Verskaf syfers. (2)

INLIGTING:

- A.** Salarisse en lone:
- Die skoonmaker sal in Junie 2016 'n verhoging van 8% ontvang.
 - Die onderneming het 'n verkoopsbestuurder en 'n administrasiebestuurder in diens. Die verkoopsbestuurder verdien R400 meer as die administrasiebestuurder (per maand). Die bestuurders is vanaf 1 Junie 2016 geregtig op 'n verhoging van 7% p.j.
- B.** Die onderneming gebruik 'n winsopslagpersentasie van 60% op kosprys.
- C.** Kredietverkope beloop 80% van totale verkope. Na verwagting sal verkope met 10% per maand en met 12% gedurende Julie 2016 toeneem.
- D.** 'n Afleweringsvoertuig is op 1 Mei 2016 aangekoop. Waardevermindering op voertuie beloop 15% per jaar op kosprys. Die rekenmeester het dit nie in ag geneem met die opstel van die Geprojekteerde Inkomstestaats vir Mei 2016 nie.
- E.** Huurinkomste het op 1 Junie 2016 met 9% verhoog.

F. Inligting (onder andere) uit die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Mei 2016 tot Junie 2016:

	MEI BEGROOT	MEI WERKLIK	JUNIE BEGROOT
Verkope	180 000	195 000	198 000
Koste van verkope	(112 500)	(150 000)	(b)
Bruto wins	67 500		
Ander inkomste		19 200	
Huurinkomste	(d)		10 028
Kommissie-inkomste	12 500	8 000	13 000
Korting ontvang	1 800		1 980
Bruto bedryfsinkomste			
Bedryfsuitgawes	(45 650)		
Salarisse (twee bestuurders)	18 000	18 000	
Lone (skoonmaker)	1 800	1 800	(c)
Instandhouding	5 000	2 000	5 000
Motorvoertuiguitgawes	0	4 000	0
Administrasie-uitgawes	8 450	8 420	8 500
Telefoon, water en elektrisiteit	2 000	4 880	2 000
Versekering	1 800	1 800	1 800
Advertensies	2 400	9 600	2 400
Waardevermindering	6 200	9 000	
Handelsvoorraadtekort	0	1 680	
Bedryfswins	(a)		
Rente-inkomste	350	350	350
Wins voor rente-uitgawe	46 500		
Rente-uitgawe	(500)	(500)	(500)
Netto wins	46 000		

40

TOTAAL: 300

SENTRUMNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENINGKUNDE

GRAAD 12

2016

SPEZIALE ANTWOORDEBOEK

VRAAG	PUNTE	PARAAF	MOD.
1			
2			
3			
4			
5			
6			
TOTAAL			

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 20 bladsye.

VRAAG 1**BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE**

1.1

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	

3

1.2.1

Bereken die BTW-bedrag wat óf betaalbaar is aan óf ontvangbaar is van SAID.

12

1.2.2

Watter opmerking sal jy aan Nelson oor hierdie gebruik maak? Noem EEN punt.

2

1.3 KREDITEURE-REKONSILIASIE

1.3.1	KREDITEUREGROOTBOEK	KREDITEURE-REKONSILIASIESTAAT	
Saldo	110 170	111 600	
(a)			
(b)			
(c)			
(d)			
(e)			
(f)			
(g)			
(h)			
			14

1.3.2 Noem TWEE interne beheermaatreëls wat die besigheid kan gebruik om te voorkom dat soortgelyke voorvalle in die toekoms plaasvind.

4

TOTALE PUNTE
35

2.2 NUWE MODE VERVAARDIGERS

2.2.1 Gloria is bekommerd oor die vermorsing van direkte materiaal. Bereken die getal meter materiaal wat vermors is.

5

Gloria voel dat die vermorsing beduidend is. Verskaf 'n berekening om haar mening te ondersteun.

3

2.2.2 Gee TWEE moontlike redes vir dié vermorsing en gee in ELKE geval raad om te voorkom dat dit in die toekoms gebeur.

	Rede	Raad
1.		
2.		

4

2.2.3 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016.

4

Verduidelik waarom die onderneming tevrede behoort te wees met die getal eenhede wat gedurende die huidige finansiële jaar gemaak is. Noem TWEE punte.

4

2.2.4 Watter uitwerking sal dit op die produksiekoste van 'n rok hê? Verskaf 'n berekening om jou antwoord te ondersteun.

3

Noem TWEE ander gevolge van die invoer van die direkte materiaal.

4

TOTALE PUNTE
50

**LAAT HIERDIE BLADSY
BLANKO**

VRAAG 3**3.1 BEGRIPPE**

3.1.1	
3.1.2	
3.1.3	
3.1.4	

4

3.2 LYNN WINKELS

3.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 29 Februarie 2016 deur die geweegegemiddelde-metode te gebruik.

8

3.2.2 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016:

Koste van verkope:

Bruto wins:

6

3.2.3 Bereken die gemiddelde voorraadhouingstydperk (in dae) op 29 Februarie 2016.

5

3.2.4 Bereken die waarde van die eindvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik.

7

3.3.1 Identifiseer EEN probleem in Winkel 1 en EEN probleem in Winkel 2. Haal syfers aan. Gee EEN punt van advies vir ELKE geval.

Tak	Probleem	Advies
Winkel 1		
Winkel 2		

6

3.3.2 Verduidelik TWEE goeie besluite wat Chad met betrekking tot Winkel 3 geneem het. Haal syfers aan.

4

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 4**4.1 BEGRIPPE**

4.1.1	
4.1.2	
4.1.3	
4.1.4	

4

4.2 PARADYS BEPERK**4.2.1 Gewone aandelekapiitaal**

6

Behoue inkomste

Saldo aan begin van jaar	1 634 000
Gewone aandeledividende	
Saldo aan einde van jaar	

10

**4.2.2 BALANSSTAAT (STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE) OP
29 FEBRUARIE 2016**

BATES	
NIEBEDRYFSBATES	
Vaste deposito: Sandton Bank	
BEDRYFSBATES	3 538 600
TOTALE BATES	
EKWITEIT EN LASTE	
GEWONE AANDEELHOUBERSBELANG	
Gewone aandelekapitaal	
NIEBEDRYFSLASTE	
BEDRYFSLASTE	
Handels- en ander betaalbare bedrae	
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	

35

4.3 OUDITVERSLAG

4.3.1 Watter soort auditverslag het Topstar Bpk. ontvang? Kies uit die volgende: ongekwalifiseerd, gekwalifiseerd, weerhouding van mening.

Rede:

3

4.3.2 Aan wie word 'n auditverslag gerig?

Rede:

3

4.3.3 Verduidelik waarom die ouditeur IFVS ('IFRS') in die auditverslag genoem het.

2

Verduidelik waarom die ouditeur die Maatskappywet (Wet 61 van 1973) in die auditverslag genoem het.

2

TOTALE PUNTE
65

**LAAT HIERDIE BLADSY
BLANKO**

VRAAG 5**5.1 BEGRIPPE**

5.1.1	
5.1.2	
5.1.3	
5.1.4	

4

5.2 MAFUSA BPK.**5.2.1**

(a)	
(b)	
(c)	
(d)	

16

5.2.2 Bereken die Inkomstebelasting betaal.

--

5

Bereken die netto veranderinge in kontant en kontantekwivalente.

--

4

5.2.6 Die direkteure het besluit om die dividend-uitbetalingsbeleid in 2016 te verander. Verskaf berekeninge wat die beleidsverandering aandui.

4

Verduidelik die uitwerking van hierdie beleidsverandering op die maatskappy. Noem TWEE punte.

4

5.2.7 Een van die direkteure voel dat die maatskappy die lening so gou as moontlik moet terugbetaal. Wat is jou siening hieroor? Haal TWEE relevante finansiële aanwysers met syfers aan en verduidelik dit.

6

5.2.8 Verduidelik waarom die aandeelhouers tevrede is met die markprys van die aandele op die JSE (Haal syfers/finansiële aanwysers aan.)

2

Verduidelik waarom die aandeelhouers tevrede is met die prys waarteen die 75 000 aandele op 25 April 2016 teruggekoop is (Haal syfers/finansiële aanwysers aan.)

2

TOTALE PUNTE
70

VRAAG 6

6.1

(a)	Bedryfswins
(b)	Koste van verkope
(c)	Lone
(d)	Huurinkomste

12

6.2.1

Bereken die maandelikse salaris vir Junie 2016 verskuldig aan die verkoopsbestuurder.

4

6.2.2

Bereken die totale verwagte kredietverkope vir Julie 2016.

4

